

Wium van Zyl

Wium van Zyl is professor in
Nederlandse en Afrikaanse
letterkunde aan die Universiteit
van Wes-Kaapland, Bellville.
E-pos: wvanzyl@uwc.ac.za

Karakters en betoog in André P. Brink se *Gerugte van reën*

Characters and contention in *Gerugte van reën* (*Rumours of Rain*)

Gerugte van reën (*Rumours of Rain*, 1978) is one of André Brink's notorious political novels on apartheid and Afrikaner Nationalism. This essay focuses on the rhetorical processes in the novel and particularly on the use of characterisation as a vehicle for the implied author's ideology. Rhetorically the novel is aimed at Afrikaans readers – previously mostly "Afrikaners" – and they get to choose between two ideological models, two distinct contrasting expressions of being an Afrikaner: Martin Mynhardt versus Bernard Franken. The "progressive" Nationalist Mynhardt – under the surface greedy, egotistical and corrupt – functions as a *verligte* (enlightened) critical voice against traditional Afrikaner rule, although the author turns him into an unreliable narrator that betrays his political and personal principles. Franken, on the other hand, is presented as an alternative Afrikaner prototype, almost without blemish. He is self-sacrificing, actively engaged against apartheid and altruistic. The reader is left with little choice but to choose between these opposite expressions of being an Afrikaner. **Key words:** André Brink, *Rumours of Rain*, characterisation, Afrikaner nationalism.

Wanneer André P. Brink in die vroeë jare sewentig uitgesproke die eksperimentele roman verruil vir politieke betrokkenheid, is hy in pas met 'n internasionale tendens. Die opstande van 1968 in Europa en die daaropvolgende golf van demokratisering binne demokrasië asook die roep om groter sosiale deernis bepaal dan die intellektuele gesprek in ten minste die Westerse wêreld. In Suid-Afrika bring die Soweto-opstand van 1976 self 'n geestelike ommeswaai teweeg. Brink se eerste politieke roman, *Kennis van die aand* (1973) word ook die eerste Afrikaanse roman wat onder die sensuurwetgewing van die Nasionale Party verbied word.¹

Gerugte van reën verskyn in 1978. Dit is opvallend dat die skrywer hier, soos trouens ook in *Kennis van die aand*, gebruik maak van 'n baie ou vormtegniek, naamlik dié van 'n oënskynlik persoonlike dokument wat voor die leser beland. In die 1973-roman is dit op 'n absurde manier aangebied as 'n geskrif op toilet papier in 'n tronksel, in 1978 word dit 'n geskrif in 'n hotelkamer waarvan dit eweneens onbekend is hoe dit

uiteindelik by die uitgewer en in boekvorm beland. Hierdie tradisie is gevestig in die agtiende eeu met die opkoms van die roman as genre sowel as die toenemende gewildheid van die gebruik om briewe te skryf. Dit het dikwels daarop uitgeloop dat 'n roman die skyn gegee is van outentieke dokument, byvoorbeeld 'n pakkie briewe gevind in die laai van 'n herberg. In genoemde Brink-romans is hierdie soort waarheidsillusie kennelik geen saak van belang nie en word daar eerder van die leser verwag om dit slegs as formaliteit te beskou. Brant (1994: 701) wys wel op 'n aspek van hierdie op briewe geïnspireerde genre wat toepaslik is op die betoogmatige waaroor dit in hierdie artikel gaan: "Een echte brief kan verzonnen elementen bevatten en een sobere analyse; op dezelfde wijze kan in een fictieve brief het verhalende gedeelte vermengd worden met het moraliserende". Hierdie ruimte vir bespiegeling en moralisering word wel deeglik benut in *Gerugte van reën*, hoewel nie slegs op 'n regstreekse manier nie.

Die hooffiguur, Martin Mynhardt, sit gedrewe deur 'n persoonlike krisis 'n aantal dae lank in selfopgelegde isolasie so ongeveer sy hele lewensgeskiedenis en opskryf om sin daaruit te probeer maak en om hom uit sy probleme te probeer uitskryf (10). Die leser kry uiteindelik nie presieser gegewens oor wanneer die skrywery plaasvind nie. Teen die einde van die boek word verwys na 1976-1977. In die roman self is een van die jongste historiese herkenningspunte die verwysing na die Soweto-opstande van 1976. Die referensiekader vir die leser van 1978 is dus so ongeveer die hele Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar met konsentrasie op die jare net voor en tot en met dié opstande wat gevolg het kort ná die ineenstorting van die Portugese koloniale ryk. Suid-Afrika is opeens in 'n situasie waar die taamlik stabiele politieke bestel uitgedaag word en selfs wankel.

Teen die tyd dat die roman verskyn, is Brink reeds een van die mees omstrede politieke figure in Suid-Afrika. Dit is die gevolg van sy genoemde vroeëre politieke romans én van sy uitsprake in die openbaar. 'n Mens kan dus daarvan uitgaan dat die verwagting van 'n leser wat die roman in 1978 begin lees – dit geld vandag steeds – reeds is dat dit 'n politieke boodskap gaan dra wat gerig is teen die Nasionale Party, teen apartheid én teen Afrikanerstrukture. Die roman wil dus 'n ideologiese stryd stry. Die leser sou dit dus as dramatiese ironie kan beskou wanneer die skrywer vir Martin al vroeg oor sy skrywery laat verklaar: "ek is in elk geval hier besig met 'n meer private, persoonlike ondersoek waarby die openbare net belang het in die mate waarin dit 'n dieper en innerlike neerslag gekry het" (31). Wat die skrywer aan sy publiek wil

voorlê is immers juis die fiktiewe gegewens oor openbare sake sowel as 'n demonstrasie van die potensiele innerlike neerslag daarvan.

Die skrywer van 'n politieke roman werk uiteraard binne kwaai beperkings. Sy boodskap sou aan die een kant op 'n regstreekse manier saamgevat kon word in 'n pamflet. As dit 'n literêre kunswerk wil wees, moet literêre konvensies gevolg word waarby 'n mens onder meer subtiliteit insluit. Soos Multatuli reeds met sy *Max Havelaar* in die 19de eeu getoon het, is een van die handigste middele vir iemand wat 'n saak wil stel juis die literêre kunswerk omdat idees in dié vermomming makliker toegang tot die gees van mense kry.² Literêr gesien, is nie soseer die inhoud van die boodskap nie, maar die retoriese metodes wat die skrywer inspan van belang. 'n Vernuftige skrywer probeer immers op 'n subtiële manier die opvattinge by die leser afbreek wat met syne verskil en wil die leser oorhaal om op sy manier na die werklikheid te kyk.

'n Mens kan hierdie retoriese prosese op verskillende maniere benader. In hierdie artikel word die aandag gerig op die hantering van karakters. Die uitgangspunt is dat 'n romanpersonasie 'n mens van papier is, dus 'n skepping deur die skrywer. Hy vervaardig sy personasie volgens sy retoriese doel, volgens dit wat hy met sy boek tot uitdrukking wil bring. Die menslike eienskappe wat hy aan die personasie toeken, word bepaal deur die belang wat dit het ten opsigte van wat hy wil kommunikeer. 'n Skrywer kan natuurlik meer of minder handig wees hiermee. Dit kan byvoorbeeld vir sy doel belangrik wees dat 'n personasie geloofwaardig moet wees en dat dit leser só moet opgaan in die verhaal dat hy vergeet hy het met mense van papier te make. By die realistiese roman soos *Gerugte van reën* is dit inderdaad deel van die tegniek.

Die geloofwaardigheid van 'n karakter vir die leser is moeilik meetbaar omdat lesers soveel verskil. Daar word gevolglik nie verder op ingegaan nie. Die resepsie gemeet aan uitsprake deur kritici toon egter geen groot probleme in die verband aan nie. Die vrae waarop die artikel wel gerig is, is: (a) dié na die funksies wat die onderskeie karakters het ten opsigte van dit wat die skrywer blykbaar ideologies wil; en (b) dié na hoe hy sy personasie gestalte gee om hierdie funksie te vervul.

Ten grondslag vir hierdie artikel lê die benadering wat onder andere W. Smulders (1983) uitstippel ten einde sommige literêre kunsgrepe van W.F. Hermans te beskryf. Met "leser" word daarom vervolgens bedoel 'n konstruksie van die leser opgebou uit die teks en nie individuele reële lesers nie. Met "skrywer" word verwys na die retories beherende instansie, eweneens uit die teks gekonstrueer. Daar word ook 'n onderskeid tussen die "leeswerklikheid" en "romanwerklikheid"

veronderstel in die analise . Met leeswerklikheid word verwys na die steeds veranderende situasie van die leser tydens die leesproses. Uitsprake oor lesersreaksies bly slegs die aanduiding van moontlikhede en het nie die pretensie van vasstaande gevolgtrekkings nie . Die romanwerklikheid is die fiktiewe werklikheid wat binne die roman opgeroep word. Die klem val steeds op wat die skrywer in die leeswerklikheid probeer bereik.

Uit die oogpunt van die retoriese funksie word die hoofkarakter, Martin Mynhardt en daarna 'n aantal ander belangrike karakters vervolgens in beskouing geneem.

Soos genoem sou die verwagting in 1978 by 'n Brink-roman beswaarlik anders kon wees as dat dit gerig sou wees teen die bestaande orde in Suid-Afrika en die ondersteuners van daardie orde. Daarom is dit nogal verrassend dat hy juis 'n verteenwoordiger van die verwerplike orde aan die woord stel. Hy laat die leser dus deur die oë van so 'n karakter kyk. Die uitdaging vir die skrywer is gevolglik om nie so 'n figuur onmiddellik homself as skurk te laat verrai nie, maar geleidelik te laat sien dat sy standpunte nie klop nie en selfs dat hy immoreel is. Om in die opsig te slaag, kan die wek van 'n mate van simpatie eweneens 'n handige kunsgreep wees. 'n Mens kry hier te doen met die verskynsel van die onbetroubare verteller. Die waardes van die verteller is nie dié wat die skrywer wil oordra nie en dit bots selfs met dié van die skrywer. 'n Oer-voorbeeld hiervan is trouens die berugte Droogstoppel-figuur in die *Max Havelaar* wat steeds deur die skrywer geïroniseer word. Die eerste romanteoretikus om op hierdie verskynsel in te gaan, was Wayne C. Booth (1961: 158-159) wat die begrip "unreliable narrator" munt.

Martin Mynhardt

Martin bied homself aan (hy is 'n ek-verteller) as 'n regverdige en suksesvolle Afrikaner. Hy steun die apartheidsbeleid op ekonomiese gronde, maar is aan die ander kant wat in die tyd "verlig" genoem is. Hy is naamlik teen die onhandigheid van die regeringspolitici en hy is ook in staat om ander verteenwoordigers van die Afrikanerbestel te ironiseer. Die skrywer maak hom dus 'n kritiese figuur, iemand wat ten minste by baie van die soort mense wat literêre romans lees, 'n mate van byval sou kon vind en met wie hulle hulself sou kon assosieer.

Wat die retoriese funksie van die Martin-figuur betref, kan 'n mens 'n tweedeling aandui. Enersyds gebruik die skrywer hom as iemand wat van binne-uit die bestaande orde kan kritiseer en eintlik verrotting

aandui. Andersyds is die skrywer op 'n indirekte manier besig om vir Martin self geleidelik te ontmasker as 'n figuur van wie die leser nie anders kan as om hom toenemend te distansieer nie.

Martin se kritiek op die bestaande orde neem dikwels die vorm aan van 'n karakterisering van en 'n kyk op ander verteenwoordigers van daardie orde. 'n Goeie en baie direkte voorbeeld is minister Calitz wat deur sy optrede juis veroorsaak het dat Martin opeens die tyd het om sy belydenisdokument te vervaardig. Calitz word aangebied as 'n ondiplomatiese figuur wat die handelsending vir politieke doeleindes wou gebruik en juis daarop betrap is deur die internasionale gemeenskap. Trouens hy het selfs die mees basiese voorbereiding nie gedoen nie, naamlik om sy geloofsbriewe vooraf in orde te kry. Hy is dus reeds in dié opsig daaraan skuldig dat die land se belange benadeel word. Die skrywer laat vir Martin nog verder aandui dat Calitz in hierdie onhandigheid slegs een van vele is. Hy noem dit naamlik "Die soort insident wat mense soos Calitz so gereeld veroorsaak, op 'n tydstip dat ons dit waaragtig nie kan bekostig nie" (16).

Ook die beperkte inligting wat hy oor Calitz se uiterlike gee, is in die vorm van vernietigende spot. Calitz se enigste onderskeidende kenmerk is "'n Hitlersnorretjie wat met die jare kleiner en gryser geword het totdat dit deesdae by oningewydes die indruk skep van twee silwer snotstrepe op sy bolip" (16). Die leser kan hom afvra wat "ingewydes" dan aan die snorretjies moet sien? Hier word kennelik daarop gesinspeel dat die minister in sy jeug 'n Nazi-ondersteuner was, iets wat enersyds 'n verleentheid is wat vir die buitewêreld versteek moet word, maar andersyds 'n watermerk is vir ingewydes wie se politiek op dieselfde gesindheid gebou is. (Dit gaan hier om die tyd van John Vorster se premierskap, iemand wat self tydens die Tweede Wêreldoorlog geïnterneer was en aan wie Brink kort tevore 'n opspraakwekkende "ope brief" gestuur het.)

Calitz is boonop iemand wat hom te buite gaan aan drank en om dié rede 'n belangrike diplomatieke byeenkoms misloop waar hy nog iets aan die probleem sou kon doen. Hy woon hierdie byeenkoms om 'n tweede rede nie by nie, naamlik omdat hy wou uitglip na 'n seksklub. Voordat die leser bogenoemde inligting kry, pas die skrywer 'n parafrase in van die minister se woorde nadat hulle die konferensiesaal moes verlaat. Dit is kenmerkend van die uitdagende soort uitsprake van regeringspolitici oor dekades. Dit steun op 'n sedelike moraal waarmee baie lesers hulle seker sou kon assosieer. Die tegniek van die skrywer is egter hier om byna onmiddellik daarna te sorg vir inligting wat hierdie

moraal ondermyn en die uitspraak ontmasker as valse retoriek: "Ons is Afrikaners. Dié identiteit sal ons bewaar. En ons sal ons deur niemand laat voorskryf nie. Laat die wêreld soos Gadareense swyne in die afgrond van permissiewe identiteitloosheid instorm. Ons sal ons nie van ons koers laat afbring nie" (15)!

Hier hou Martin se onthullings omtrent hierdie verteenwoordiger van die Nasionale regering nie op nie. Tot sy Nazi-simpatieë, sy drankmisbruik, sy neiging tot seksuele uitspattighede en die valsheid van sy uitsprake oor die politiek, word toegevoeg dat hy by 'n vorige geleentheid reeds finansiële korrupsie beplan het. Hy wou naamlik 'n wins van R250 000 maak uit grond wat hy teenaan die grens van die Ciskei gekoop het en wat hy wou terugverkoop aan die staat (142). Die korrupsie is trouens nie slegs beperk tot "Sy Edele" soos Martin hom tydens hierdie onthulling ironiserend noem nie, maar 'n amptenaar van Bantoesake sou die wins met hom deel. Die leser kan dus aflei dat die korrupsie in die heersende orde veel verder versprei lê.

Nog 'n interessante voorbeeld van hierdie werkwyse vind ons in die beskrywing van die aand met die viering van prof. Pienaar se versamelde digwerk. 'n Verskeidenheid figure word ingespan.

Prof. Pienaar verteenwoordig die soort digter wat die poësie vaarwel toegesê het namate hy 'n "literêre potentiaat" geword het (100). Hoewel Martin beweer dat hy 'n dubbelsinnige gevoel tussen bewondering en afkeur vir die man koester, beskryf hy hom én sy vrou op so 'n manier dat juis hul wêreldvreemde karikatuuragtigheid dit is wat opval, vergelyk onder meer: "So, in swart en rooi, soos 'n hiërofant in 'n esoteriese kultus, het hy die kiaathoutdeur vir ons oopgemaak toe ons aanklop. En aan sy sy was Mammie, formidabel in ligpers en baleine, met 'n orgidee op haar boesem en haar ore en skildkliernek versier met pêrels; welriekend van poeier en parfuim" (101).³

Die offisiële kultuur wat deelname aan die regering se sensuurraad insluit, word hiermee eintlik afgemaak. Die professor se bereidheid tot stryd ("Ek en my huis sal veg tot die bloed teen die stange van ons perde spoel" [103]) staan ook in 'n sterk kontras met dit wat ons later uit die mond verneem van Martin se seun, Louis wat wel as dienspligtige aan die grensoorlog deelgeneem het.

Die verteenwoordiger van die kerk, dr. Koos Minnaar, word reeds deur sy bynaam (Koos Doos) vernietig. Later volg nog die gegewens oor sy optrede teenoor vroulike katkisanter.

Die vernaamste karakters in hierdie gedeelte gee dit iets van 'n sleutelroman, dit wil sê lesers sou sommige van hulle kon verbind met

herkenbare figure uit die werklikheid. Dit is onder andere die geval met die magnaat Thielman Pauw wat iets met 'n blad beplan wat raak aan die *Citizen*-skandaal kort daarvoor (102).⁴ Die versigtige kritiek van een van die jonger LV's reken af met die moontlikheid van ideologiese nuanses onder volksraadslede van die Nasionale Party. Wanneer hy dit bevraagteken dat Bernard Franken se gevangenhouding of vrylating iets met Afrikaner-indentiteit te doen het, skrik die LV naamlik terug vir kritiek en laat hy blyk dat hy dit slegs tussen vriende so'n standpunt sal opper(103).⁵

Kritiek op Martin Mynhardt

Die skrywer laat vir Martin by verskillende geleenthede beklemtoon dat hy 'n Afrikaner is. In die proses word hy aangewys as prototipe van die moderne suksesvolle Afrikaner van die jare sewentig wat buite die partypolitiek staan hoewel hy apartheid steun. Hy beklemtoon telkens dat swartmense gehelp moet word om hulself te help en nie sommer aalmoese moet ontvang nie. Dit moet in hul eie gebiede gebeur, binne die tuislande dus (min of meer volgens die Verwoerdiaanse konsep). Hy beklemtoon ook dat hy vanuit armoede homself opgewerk het.

Baie lesers sou moontlik in die begin sy benaderings oor die ekonomie kon steun of ten minste elemente daarvan. Vergelyk byvoorbeeld een van sy eerste uitsprake daaroor:

Ek is nie ten gunste van swart vakbonde nie: dié mense is in die huidige stadium eenvoudig nog nie ontwikkel genoeg om so'n gesofistikeerde Westerse organisasie te behartig nie. 'n Kwessie van evolusie. Hulle moet eers die verband tussen inspanning en verdienste leer snap. Hulle moet opgelei word. In ons ekonomiese stelsel moet hulle leer om verbruikers te word ten einde produksie te help opstoot. Dáár lê m.i. die enigste rasionale beginpunt vir die behoorlike ontginning van menslike hulpbronne in hierdie land (31).

Later gebruik hy ook die argument van die ekonomiese koek wat groter moet word: "Hoe maak jy jou koek groter? Deur opleiding en aanmoediging, deur aanloklike beloning te koppel aan groter inspanning, stoot jy produksie op en maak jy jou ondernemings winsgewender" (40).

Dit blyk egter al gou dat hy ook sy menseverhoudings net soos sy politieke siening op ekonomiese beginsels bou. Elke persoon wat hy ontmoet, sien hy as iemand wat homself probeer verkoop. Hy pas dit

toe om selfs sy huweliksontrou te rasionaliseer: “ek het geen begeerte om Elise bewustelik seer te maak nie. Sy is vrou genoeg en intelligent genoeg om waarskynlik te vermoed dat ek so af en toe soos enige man iets met ’n ander vrou te doen het, maar solank dit onuitgesproke bly, solank mens geen openlike rede tot agterdog, kommer of wroeging gee nie, ly niemand daaronder nie. Dit is op stuk van sake ’n kontrak wat ’n mens aangaan, en solank die terme daarvan nagekom word, is alle partye gelukkig” (147). Verderaan stel hy dit nog sterker: “Is dit nie al wat eintlik ter sake is nie? (...) Dat mens in elke situasie die transaksie so voordelig as moontlik beklink” (232).

In laasgenoemde uitspraak kom dit duideliker na vore wat die skrywer al vroeg omtrent Martin se menseverhoudings suggereer. Hy benader naamlik alles met outomatiese selfsug.

Die skrywer gebruik hier veral die visie van sy moeder – die persoon uit sy ouerhuis met wie hy homself die meeste assosieer – om dit vir die leser te beklemtoon. Vergelyk maar haar uitsprake oor hom: “Jy weet nog jou lewe lank dat jy op almal kan reken om jou jou sin te gee” (260) en “Jy’s gelukkig. Jy kry ander mense om jou opoffereinge vir jou te maak” (277). Sy plaas dit ook in ’n historiese verband wat die leser maklik kan verbind met die algemene Afrikaner-geskiedenis: “Miskien was dit nódig dat ons hele geskiedenis geloop het soos hy geloop het om iemand soos jy voort te bring. Anders sou ons dalk nie kon uitghou het nie” (260). Martin se seun Louis formuleer dit nog skerper: “Pa het ryk geword uit die land, Pa haal net heelyd uit. Wat het Pa al ooit probeer teruggee?” (214.) Hierop het Martin ’n arsenaal antwoorde gereed. Die skrywer laat egter vir Louis ’n nuwe generasie Afrikaners verteenwoordig wat vind dat die geslag van sy vader ’n stelsel ontwikkel het wat net vir hulself voordeel bied en selfs van die nageslag gesteel het: “Pa se hele generasie. Julle het alles so mooi gereël, elke ding met ’n wet op sy plek gesit. Maar julle weet goed dit is net tydelik” (215).

Die skrywer gebruik die refrein uit 1 Korinthiërs 13 dwarsdeur die boek uiters effektief: “En hadde de liefde niet”. Geleidelik word dit onthul dat dít is wat by Martin ontbreek, dat sy generasie die liefde en gevoel kwytgeraak het: ’n element wat met die droogte-beeld verbind word. Dit is trouens ook waarmee die skrywer vir Louis laat worstel. Nogeens deur middel van Louis koppel die skrywer dit met die landstoestand: “Jy ontdek dat hierdie hele land daarvan afhanklik is dat mens jou gewete so kan toemaak” (205).

Martin se dwaling is terug te voer na juis die begin van sy sukses in die sakewêreld. Dit is toe hy vertroulike inligting van die firma waar-

voor hy gewerk het (Anglo American), misbruik het om self opsies op myngrond te koop. Ondanks sy uitsprake oor die reëls van die ekonomie waarbinne swartmense moet fungeer, is sy rykdom en sukses dus gebou op korrupsie. Die skrywer benadruk sy materialisme ook deur kleiner handelinge, byvoorbeeld wanneer hy hom outomaties sy vader se stoel vir homself laat inpak voordat hy finaal die plaas verlaat.

Hy word geleidelik gekenmerk deur verontskuldiging. Selfs ten slotte laat die skrywer hom steeds in dié terme praat: “Ek het tog hard probeer, ek het met die beste bedoelinge opgetree. Ek het lojaal probeer wees aan die blote feit dat ek hier is en moet probeer oorleef. Is dit nie genoeg nie?” (310). Op hierdie stadium is die leser reeds bekend met ’n aantal blatante gevalle waar hy mense verraai het. Hy het vir Bernard, wat vroeër gekeer het dat hy uit die universiteit geskors word en dus sy hele verdere loopbaan gered het, verraai toe dié iets van hom gevra het wat hom wat Martin is hoogstens indirek kon skaad. Daarna het hy boonop die vriendskap as afgehandel beskou. Hy het trouens reeds vir Bernard in die steek gelaat toe dié ’n lewensbelangrike gesprek met hom wou voer op die aand wat hyself vir Bea ontmoet het – Bea, wat vir Bernard uitgesoek was (117). Ewe erg is die belofte aan sy vader wat hy verbreek het dat hy nooit die plaas sou verkoop nie. Sy belofte aan sy broer Theo het hy verbreek en so gesorg dat hy die plaas bly besit.

Wanneer die leser oor hierdie gegewens uit die laaste helfte van die boek beskik, kan vorige onhelderder gevalle opnuut ingevul word, byvoorbeeld die selfmoord van die homoseksuele vriend Charl Kamfer op Stellenbosch, die selfmoord van Welcome Nyaluza en die bergklimongeluk van prof. Pienaar se dogter. In die eerste twee gevalle het die landstoestand ’n rol gespeel en veral in die geval van Welcome kan die leser dit met min moeite verbind met die onttrekking van Martin se emosionele steun.

Dit word geleidelik onthul dat Martin ook sterk aangedryf word deur jaloesie op Bernard. Die leser sou homself trouens kon afvra of dit nie juis die rede was waarom hy met Elise getroud is nie. Hy erken eintlik (293) dat sy verhouding met Bea waarskynlik daarop gebaseer is.

’n Mens kan jou natuurlik altyd afvra of die skurkagtige elemente nie uiteindelik te oordrewe voorgestel word en só aan retoriese krag kan inboet nie. In enkele gevalle sou die leser dit inderdaad te sterk kon vind. ’n Voorbeeld van sodanige oordad is waarskynlik wanneer die skrywer vir hom op bladsy 294 sowel papiere as oorblywende padkos by die venster van die motor laat uitgooi om so onder meer te benadruk dat hy ’n besoedelaar en vermorsers is.

Bernard Franken

Net soos wat Multatuli sy Max Havelaar 'n byna vlekkelose held maak, doen die skrywer dit hier met Bernard Franken, ten minste soveel as wat 'n skrywer van 'n moderne literêre roman dit durf doen. Bernard kan wel op 'n growwe manier praat, sy verhoudings met meisies kan nie onskuldig genoem word nie en hy is nie godsdienstig nie, dinge wat heelwat lesers indertyd sou kon pla. Daarteenoor kan hy beslis nie immoreel genoem kan word nie. Veral die Vrydag-afdeling van die roman word deur Bernard oorheers, maar ook later duik hy steeds op sogenaamd teen die verteller se sin, iets wat op sigself al 'n kwalifikasie is van sy persoonlikheid en sy belang vir die hele geskiedenis. Hy word beskryf as 'n buitengewoon intelligente mens, iemand met 'n humorsin, 'n skerpsinnige advokaat, en 'n uitstekende sportman. Hy is aantreklik en laat, soos Bea onder andere sê, vroue se knieë knak met sy persoonlikheid. Volgens Martin is Bernard ook in staat om die skyn te wek dat hy opreg belangstel in andere: "Bernard het die vermoë gehad om elke mens, man of vrou, met wie hy te doene kry, te laat glo dat hy volledig in jou belangstel, dat jy vir hom belangrik is, dat jy 'n avontuur met hom meemaak" (26). (Wanneer 'n mens later terugkeer na hierdie passasie, sê dit eintlik ook iets oor Martin – die leser kan naamlik aflei dat Bernard heeltemal nie 'n skynhouding het nie, maar dat Martin nie in staat is om te begryp dat iemand eg kan wees in sy belangstelling in andere nie. Martin het immers ook geen begrip daarvoor dat Bernard homself uiteindelik opoffer vir die onderdrukte klasse nie.)

Die leser kry trouens ook genoeg kere die visie van andere om die besonderheid van Bernard te ondersteun.

Net soos Martin noem Bernard homself uitdruklik 'n Afrikaner. Die skrywer stel in hom dus 'n alternatiewe prototipe van die Afrikaner aan die leser voor. 'n Mens kan hierby in gedagte hou dat die boek retories gesien in die eerste plek op Afrikaanslesendes – indertyd meesal "Afrikaners" – gerig is. En hulle kry dus die kans om te kies tussen twee ideologiese rolmodelle.

Belangrik in die opsig is die verwysings na die Bybelse Pilatus wat sy hande in onskuld gewas het toe hy die Joodse volk se wil uitgevoer het deur Jesus onregverdig te veroordeel. Nadat Bernard danksy 'n briljante vertoning in die hof tot die insig kom "dat die reg 'n soort skaakspel is" (77), besluit hy om hom van die stelsel te onttrek en dit eerder aan te val. Op Martin se vraag "was jy nou jou hande?" (78) antwoord hy: "Nee, inteendeel. Ek trek my knuckledusters aan". Later sê hy: "Dit is nie vir my moontlik om 'n toeskouer te wees terwyl ander

mense moet ly nie" (99). Martin en die soort Afrikaner wat hy verteenwoordig staan daarteenoor krities net soos Pilatus, sien die onreg self in, maar kies nie kant nie en geniet die voordele van die stelsel.

Die skrywer laat vir Bernard trouens selfs etlike kere sy Afrikanerskap beklemtoon. Net soos Martin verwys hy daarna dat hy uit 'n oer-Afrikanerfamilie kom (55). Hy stel dat dit juis vir hom as Afrikaner nodig geword het om op te tree (95). As Afrikaner het hy die keuse om "die vrugte van (sy) blanke heerserskap te pluk terwyl dit nog moontlik is" of om heeltemal niks te doen nie (96). Hy verduidelik waarom hy ná sy ontsnapping teruggekeer het na Suid-Afrika en na die gevaar toe. Dit is naamlik uit lojaliteit teenoor die Afrikaner, om dit teen te werk dat die begrippe "apartheid" en "Afrikaner" sinoniem bly vir swartmense. Dit is sy oortuiging "dat die Afrikaner, of enige ander groep, nie maar op voortbestaan kan aanspraak maak bloot op grond van die feit dat hulle nou eenmaal daar is nie. Dit is iets wat slegs verwerf kan word deur die inhoud en kwaliteit van daardie bestaan" (78). Die Afrikaner het volgens hom 'n deurslaggewende rol om in die land te speel. Hy kan onder meer "toelaat dat die oorskakeling vreedsaam plaasvind" (95). Die soort Afrikanerskap wat Bernard voorstaan en ook uitleef tot aan veroordeling toe, is een wat gekenmerk word deur mededeelzaamheid en 'n wil tot verandering, een waarin die frase "en hadde de liefde niet" nié sou geld nie.

Henning Pieterse (1985) toon aan dat die skrywer die Bernard-karakter deels bou op gegewens van 'n bestaande historiese figuur, naamlik Abraham Fischer wat tien jaar voor die publikasie van die roman op dieselfde gronde veroordeel is. Die verklaring van Bernard wat in brokke deur die eerste deel van die roman heen versprei word, is vir 'n belangrike deel 'n vertaling van die verklaring wat Fischer in die hof gelewer het.

Retories gesien gee dit alreeds 'n merkwaardige effek deurdat die skrywer Fischer se verklaring met tien jaar opskuif na 'n situasie waarin sy voorspellings en waarskuwings onteenseglik besig is om in vervulling te gaan. Hy sorg dus dat die publiek nogeens hierdie stem te hore kry.

Daar is indertyd soms beskuldigings teen Brink ingebring dat hy nou wel die simpatie kanaliseer na progressiewe figure en 'n progressiewe ideologie toe, maar dat hy tóg juis hierdie figure steeds laat ondergaan. Kyk 'n mens egter na wat hy hier as uitvloeisel van Bernard laat gebeur met die seun Louis, is dit tog nie heeltemal waar nie. Louis verwerp die stelsel, hy sien die skuld in van die Pilatus-houding en

uiteindelik sien Martin momenteel in Louis 'n voortsetting van Bernard: "'n Nuwe Bernard, die onontkombare Bernard" (243).

Ander karakters

Die funksies van elke ander karakter by die formulering van die problematiek kan opgeweeg word. Soos genoem, beskryf Martin in die eerste afdeling, getitel "Vrydag" allereers sy verhouding met Bernard. In die tweede afdeling, "Saterdag", gaan dit veral oor die rol van sy vader, in "Sondag" oor die verhouding tot Louis en ten slotte in "Maandag" oor sy minnares Beatrice. In alvier gevalle gaan dit om verhoudings wat op verwydering uitgeloop het. Hierdie vier voorbeelde word trouens ondersteun deur 'n verskeidenheid ander voorbeelde van dieselfde aard soos dié met Elise, sy vrou, ensovoorts.

Die vader vervul hier eweneens 'n interessante funksie. Sowel Martin as sy moeder het 'n negatiewe visie op dié onpraktiese man wat hom oorgegee het aan studie en uiteindelik self erken het dat hy 'n mislukking was. Hierteenoor staan die visie van Elise wat in hom iets herken wat veroorsaak dat sy hom 'n "'n baie besondere mens" noem. Die leser word so as't ware gedwing om hom opnuut te beoordeel ná die veroordeling deur Martin.

Martin sukkel om sy vader te verstaan. Onder meer is dit 'n probleem waarom sy vader die rottang so goed versteek het asof hy daarvoor skaam was. Na aanleiding van dié se latere uitsprake kan die leser dit egter wel interpreteer as 'n teken van skaamte oor die geweld wat hy op skool moes gebruik en dus oor die handhawing van 'n stelsel gebou op geweld.

Baie belangrik is die vader se siening van die apokalips, 'n finale oordeel, iets wat vir Martin tot op die einde bybly. Daaruit kan die leser aflei dat hy dit inderdaad bedoel het toe hy vir sy seun gesê het dat sy studies wel belangrik is in teenstelling met die suggestie van Martin se kant dat dit 'n kamoeflering is van sy onvermoë om sy werk as boer te doen. Sy vreemde gedrag voor Broederbond-vergaderings kan gesien word as onvrede met die organisasie wat hy in sy pogings om 'n goeie Afrikaner te wees, nie wou verlaat nie. Wanneer Martin ná die ou man se dood in sy studeerkamer op die plaas sit en nadink oor hom, formuleer hy die moontlikheid van dié se apokalips-gedagte: "En juis daarom moes hy dan tussenin so naarstig voortwerk, voortwerk, om iets beter te probeer begryp van wat gebeur het en gebeur en nog voorlê om te gebeur. Om beter voorbereid te wees vir die Oordeel." Martin opper in

die verband ook vertellings deur sy vader oor rasse wat heeltemal van die aarde verdwyn het sonder om iets na te laat (181).

In die lig hiervan kan 'n mens kyk na die ongedefinieerde pogings van die ou man om met hul laaste gesprek vir Martin oor te haal om nie 'n mislukking as Afrikaner te wees soos hyself nie. "Dis nou jy. Dis nou jou beurt. Ek het myne gehad en 'n mislukking gemaak" (193). Hy formuleer sy rede hiervoor soos volg: "Ek het niks gedoen nie. Dis wat ek gedoen het" (193). Die leser kan dit verbind met die Bernard-verhaal vooraf. Bernard besluit om as Afrikaner wel iets te doen. Martin daarteenoor doen juis niks en laat sy vader ook in dié opsig in die steek. Dit is trouens ook die vader, naas Bernard se moeder wat aan die gebondenheid aan die erfgrond 'n bykomende waarde gee.

Terwyl die vader dus eintlik Bernard se argumente ondersteun, is dit ook die geval met die seun Louis soos voorheen genoem. Dit is eweneens die geval met Bea, iemand wat Bernard tot in die gevangenis in volg. Net soos onder andere Bernard en Charlie gee sy dit nooit op om Martin te probeer oorhaal tot 'n minder materialistiese en minder magsbehepte lewenshouding nie. In die proses dra sy onder meer verder by om hom vir die leser te ontmasker, vergelyk 'n uitspraak soos die volgende wat sy op hom rig: "Ek dink nie jy weet regtig wat 'liefhê' beteken nie (...) Jy dink om lief te hê beteken om te hê" (290).

Dit is opvallend dat 'n ouer geslag Afrikaners, diegene wat met apartheid begin het, hier wel simpatiek behandel word deur die skrywer. Martin onthou byvoorbeeld die skrynwerker en dié se gekleurde handlanger op sy geboortedorp. Terwyl die blanke ambagsman self lustig rassistiese uitsprake gemaak het, was dit op die oppervlak en het hy die grootste medelye betoon met sy handlanger toe dié 'n keer beseer is. Martin se eie moeder is enersyds uiters streng met haar swart werkers, maar bly andersyds medemenslik optree teenoor hulle.

Een van die ideologiese kernpassasies in die roman staan ook in verband hiermee. Martin sit teen die einde van die derde afdeling op die plaas in die nag en nadink. Hy herken die stadige proses van verskuiwing wat in sy persoonlikheid plaasgevind het vanaf die oomblik dat hy besluit het om korrupsie te pleeg by die mynmaatskappy. Hy abstraher dit verder: "Miskien is daar ook in die geskiedenis (sou Pa gesê het) so 'n oorgaan uit 'n staat van onskuld tot 'n staat van skuld" (255).

Hiermee is al die aspekte en nuanses by die hantering van karakters as retoriese middele nog lank nie aangeraak nie. Is dit byvoorbeeld nie 'n (klein) gemiste kans dat die skrywer die Thailandse hoertjie wat

Martin na sy Londense hotelkamer laat kom, nie 'n Viëtnamees maak so kort ná die val van die Suid-Viëtnamese regime met sy eie gevolglike diaspora nie?

Die bespreekte voorbeelde toon dat die karakters in *Gerugte van reën* wel deeglik afgestem is op 'n sterk politieke betoog. Die gebruik van die hooffiguur as onbetroubare verteller is 'n kunsgreep waardeur dit moontlik gemaak word om ook "verligte" ondersteuners van die status quo daarin mee te neem. Twee keuses vir Afrikaners word in die proses vergestalt: 'n eindige voortbestaan vir hierdie groep wat op daardie stadium nog die mag besit, word gestel word teenoor die moontlikheid van "voortbestaan in geregtigheid". Juis die onthulling van die immoraliteit van die "verligte Nasionalis" blyk die vernaamste retoriese oogmerk van die skrywer.

Aantekeninge

1. Die eerste Afrikaanse boek wat verbied is soos indertyd dikwels beweër is, was dit nie. Daarvoor het regering van genl. J.C. Smuts tydens die Tweede Wêreldoorlog reeds gesorg met die verbod op eers Manie Maritz se *My lewe en strew* in 1940 en daarna in 1941 G. Jordaan se *Só het hulle gesterf* en Ewald Steenkamp se *Helkampe*.
2. Hoe bewus Brink van die tegniese verworwenhede van hierdie roman is, blyk uit sy indringende uitweidings en verwysings daarna in sy *Aspekte van die nuwe prosa* (Brink, 1967: 14, 32-33, 38, 84).
3. Die leser sou in hierdie formulering Hennie Aucamp (1973: 7-12) se kortverhaal "Die sous" kon hoor naklink.
4. Lesers sou byvoorbeeld die magnaat wat betrokke was by die *Citizen*-skandaal in hierdie figuur kon herken.
5. Dit is een van verskeie voorbeelde wat ooreenkom met 'n uitspraak van Brink in die openbaar soos die volgende wat oorspronklik in 1976 onder die titel "After Soweto" in die *Asahi* tydskrif in Tokio verskyn het: "I have often come across men, even in high government positions, with extremely liberal views when they find themselves among friends: but the moment they appear in public, all the old conservative clichés reappear" (Brink, 1983). Die ondersoek van hierdie ooreenkomste sou egter 'n studie op sy eie vereis.

Bronnelys

- Aucamp, H. 1973. *Wolwedans*, Kaapstad: Tafelberg.
- Booth, W.C. 1961. *The Rhetoric of Fiction*. Chicago/London: The University of Chicago Press.
- Brant, C. 1994. De Briefroman. In S. Bakker. (red.) *Nieuwe Literatuurgeschiedenis Overzicht van de Europese letteren van Homerus tot heden*. Amsterdam: Meulenhoff/Icarus.
- Brink, A.P. 1967. *Aspekte van die nuwe prosa*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- . 1978. *Gerugte van reën*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- . 1983. *Mapmakers: Writing in a State of Siege*. London/Boston: Faber and Faber.
- Pieterse, H. 1985. Braam Fischer en Bernard Franken: die figuur en die dokument. *Tydskrif vir Letterkunde*, nuwe reeks XXIII (2): 1-15.
- Smulders, W.H.M. 1983. *De literaire misleiding in De Donkere Kamer van Damokles*. HES: Utrecht.